QUEENS HIGH SCHOOL

**GRAAD 9** | **AFRIKAANS** | **SEPTEMBER 2008**

**TYD: 1½ UUR**

**OPSTELLER : Me. B.V. Sampson**
**MODERATOR : Mnr. D. Last**

**PUNTE: 70**

---

## INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN (10) bladsye.

2. Beantwoord elke vraag op 'n nuwe bladsy.

3. Gebruik dieselfde nommerstelsel as op die vraestel.


4. Beantwoord die vrae op die foliopapier verskaf.

5. Skryf slegs met 'n blou pen.

6. Skryf slegs aan die regterkant van die bladsy.

7. Sterkte!!!

---



**AFDELING A** **LEESBEGRIP**

**KOERANTARTIKEL**



STAP

# Kom beproef nuwe staproete op die koppies

leef@rapport.co.za

■ Daar is verskeie stapgroepe in Johannesburg wat staproetes verken. Stappers moet om veiligheidsredes eerder nie alleen op roetes gaan stap nie, maar by een van die groepe aansluit. 'n Uitstappie saam met een van die stapgroepe is ook 'n lekker sosiale affêre.

■ Earl Ryan Coetzee

Slaan die gedagte aan 'n vroeë lenteoggend tussen 'n swerm seldsame voëls, grasgroen vetplante en kleurryke blomme en asemrowende rotsformasies jou asem weg?

Indien wel is 'n uitstappie by die Melvillekoppies, waar die maandelikse staproete onlangs 'n nuwe verlening gekry het, net die ding vir jou.

Me. Wendy Carstens, voorsitter van die Melvillekoppies-bestuurskomitee, en haar span het onlangs die 2 km lange staproete met 300 m verleng.

Terwyl hulle dit gedoen het, het hulle op 'n hele paar interessanthede afgekom.

Dit sluit in skaars voëlsoorte, 'n wildekersieboom en 'n groot verskeidenheid inheemse boomsoorte wat op hierdie kwartsietrif floreer.

Carstens sê daar is ook 'n paar bruin huisslange en meerkatte.

Volgens Carstens is die nuwe deel 'n pragtige staproete en hulle het ontslae geraak van die kakiebos en wewenaarsgras. Stappers hoef dus nie bekommerd te wees oor sade wat aan hul klere vasklou nie.

Die staproete begin in Westdene en stappers volg 'n roete al langs die rif om met pragtige uitsigte in alle rigtings.

Daar is selfs 'n San-grot te sien voordat jy in Westdene eindig waar jy begin het.

Carstens waarsku dat kinders onder ses jaar waarskynlik nie dié roete sal kan baasraak nie, aangesien daar verskeie klippe en ander versperrings is waaroor geklouter moet word.

**Woordeskat:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| roete | route | rotsformasies | rock formations |
| veiligheidsredes | safety reasons | verleng | lengthen |
| uitstoppie | outing/excursion | skaars | scarce |
| swerm | flock | inheemse | indigenous |
| kleurryk | colourful | rif | ridge |
| asemrowend | breath-taking | meerkat | mongoose |

**VRAAG 1**

Lees deur bogenoemde artikel en beantwoord die volgende vrae.
Kies die regte antwoord uit die moontlikhede wat gegee is:

1.1 Skryf **SLEGS** die **NOMMER** en die **LETTER** neer.

Die Melvillekoppies is in …
- a. Kaapstad.
- b. Johannesburg.
- c. Pretoria. (1)

1.2 Die Melvillekoppie staproete is … lank.
- a. 2,3 km
- b. 230 km
- c. 2 300 km (1)

1.3 Mense moenie alleen stap nie, want dis …
a. donker.
b. ongesellig.
c. onveilig. (1)

1.4 Die woord maandeliks (par. 3) beteken …
a. elke maand.
b. elke dag.
c. elke jaar. (1)

1.5 Die staproete is verleng. Verleng (in par. 4) beteken …
a. om te verbreed.
b. om langer te maak.
c. om korter te maak. (1)

1.6 Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is:

***Stap is 'n sosiale aktiwiteit.*** (1)

1.7 Skaars voëlsoorte kan in die koppies gesien word.

Gee **EEN** woord in parragraaf 2 wat **DIESELFDE** as **skaars** **BETEKEN**. (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord.

Me. Wendy Carstens is …
a. 'n getroude vrou.
b. vrou.
c. enkel vrou. (1)

1.9 Kies die **REGTE ALTERNATIEF**. Skryf net die **NOMMER** en die **REGTE ANTWOORD**.

Me. Carstens is die voorsitter / sekretaris van die Melvillekoppiesbestuurskomitee.(1)

1.10 Noem **TWEE DIERTJIES** wat jy in die nuwe deel van die staproete kan raakloop. (2)

1.11 Van watter **PLANTE** het hulle **ONTSLAE** geraak? (2)

1.12 Watter **TYD** is die **BESTE** om te gaan stap? (2)

1.13 Op watter **INTERESSANTHEDE** het hulle in die **NUWE DEEL** afgekom. (3)

1.14 Ons praat van 'n swerm voëls. Voltooi nou die volgende:

'n ____________________ blomme

'n ____________________ mense (2)
**[20]**

**VRAAG 2** **ADVERTENSIE**

Kyk na die advertensie en beantwoord dan die vrae.




2.1 Watter **SELFOONNETWERK** adverteer hier? (1)

2.2. Kies die woord in die advertensie wat sê jy kry die Nokia 5200 verniet. Skryf **SLEGS** die **NOMMER** en die **LETTER**.

a. gratis
b. gerief
c. geldig (1)

2.3 Vir **HOE LANK** gaan jy **BETAAL** aan die kontrak?

a. 24 jaar
b. 12 maande
c. 24 maande (1)

2.4. Wat kan jy **WEN** as jy 'n SMS na 36414 stuur? (1)

2.5 Wat moet jy **NABY JOU HOU** as jy die selfone bestel? (2)


2.6 Noem **TWEE EIENSKAPPE** (features) van die Nokia 5200. (2)

2.7 Kan jy **NOU** van die **AANBOD GEBRUIK MAAK**? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**[10]**

**VRAAG 3** **STROKIESPRENT**

Lees deur die strokiesprent en beantwoord die vrae.




3.1 Aan watter **BEKENDE STAD** herinner Skaapstad jou? (1)

3.2 Haal **'N WOORD** aan wat sê / aandui Blertus en Bettie **IS SKAPE**. (1)

3.3 **IDIOOT** beteken:
a. dom
b. slim
c. skelm (1)

3.4 Wat het met Joan van Ark gebeur? (Gebruik prentjie 3 as 'n leidraad.) (1)

3.5 Waarom dink jy moet Blertus **NIE** petrol gebruik om Bettie dood te maak **NIE**? Kies die regte antwoord.




Want petrol is <u>duur / goedkoop</u>. (1)
**[5]**







**AFDELING B** **KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK**

**VRAAG 4** **WOORDGEBRUIK – STRUKTURE**

Lees onderstaande artikel. Beantwoord dan die vrae in die tabel.

# Wat verklap... jou drome?

| **As jy droom van:** | |
|---|---|
| Babas<br><br>‘n 4.1 Huil baba dui op 4.2 swak gesondheid en teleurstellings.<br><br>‘n Gelukkige baba is simbolies van liefde en goeie 4.3 vriende. | <br>4.1 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)<br><br>4.2 Skryf die teenoorgestelde. (1)<br><br>4.3. Skryf die enkelvoud. (1) |
| Voëls<br><br>4.4 Voëls met mooi vere is 4.5 geluk. Vlieënde voëls dui op geluk en afgeleë plekke. | <br>4.4. Gee die verkleingsvorm. (1)<br>4.5. Gee die teenoorgestelde. (1) |

| | |
|---|---|
| <u>'n 4.6  Kalender</u><br><br><br>4.7. Dit voorspel 'n partytjie, dans of sportbyeenkoms. | 4.6  Gee die <u>sinoniem</u>. (1)<br><br><br>4.7  Skryf die getal <u>in woorde</u>. (1) |
| <u>n Kar of Karre</u><br><br>Jy gaan op 'n 4.8  <u>motor + rit</u>  met vakansie of jy gaan 'n verandering in jou lewe maak soos bv. trek na 'n ander huis of dorp. | <br>4.8  <u>Kombineer</u>, die woorde. (1) |
| <u>Die Dood</u><br><br>Om van die dood <u>4.9</u>  __________droom, is 'n waarskuwing. | <br>4.9  <u>Vul</u> die woord <u>in</u>. (1) |

**[9]**

**VRAAG 5.1** **SINSSTRUKTURE**

| | |
|---|---|
| 5.1.1 Voëls met mooi vere is geluk. | 5.1. 1. Skryf in die Verlede Tyd. (1) |
| 5.1.2 "Waarvan het jy gedroom?" vra Lebo vir Kana. | 5.1. 2. Skryf in die Indirekte Rede. (2) |
| 5.1.3 Dit is 'n waarskuwing as jy van die dood droom. | 5.1.3. Skryf die sin as 'n vraag. (2) |
| 5.1.4 'n Gelukkige baba is simbolies van liefde. | 5.1.4. Skryf in die Toekomende Tyd. (2) |
| 5.1.5 Jy gaan 'n verandering maak.<br>Jy trek na 'n nuwe dorp. | 5.1.5. Verbind die sinne met want. (2) |

**[9]**

**VRAAG 5.2**

Kyk na die volgende prentjies. Skryf nou die sinnetjies uit om ander te leer hoe om hulle te gedra. Begin jou sinne so:



*(a) teater-etiket* *(b) tafelmaniere* *(c) goeie gedrag in die natuur*


1. In die teater moet mens … (1)
2. As jy eet moet mens … (1)
3. In die straat moet mens … (1)

**[3]**

**AFDELING C** **KOMMUNIKASIE EN TAALKUNDE**

**VRAAG 6** **GRAPPIE**

Kyk na die volgende prentjies.




Situasie : Andrew is 'n baie stout seun. Hy doen amper nooit sy huiswerk nie en is altyd in die moeilikheid. Vandag het hy besluit om Jan te pla terwyl hy wil werk.

Opdrag : Skryf Jan se direkte woorde aan Andrew oor wat hy aan hom gedoen het.

6.1 Jan: " ________________________________________________ " (2)

6.2 Skryf in een sin wat Andrew aan Jan gedoen het in die EERSTE raampie. (2)

**[4]**

**AFDELING D** **LETTERKUNDE**

**VRAAG 7** **POëSIE**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat volg:

**Hoede**

My pappie het 'n hoed van vel
Met 'n slootjie op die bol.
My mammie s'n kan ek nie tel –
Party lyk tog te dol!
My sussie s'n is wit soos strooi,
Haar skool se band daarom.
My boetie s'n is weggegooi,
Want niks hou lank by hom!

My hoede is van kant en sy,
Wat baie maklik skeur;
En as ou Griet 'n doek kan kry,
Dan vra sy niks nie meer.
Maar ons teepot het die snaakste, hoor!
Wat jy jou kan verbeel.
Sy neus steek uit en ook sy oor,
En hy't valle om sy keel.

7.1 Van **hoeveel hoede** word daar gepraat? (1)

7.2 Sê of die volgende stelling **Waar** of **Onwaar** is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

***Mammie het baie hoede.*** (2)

7.3 Wat het met **boetie se hoed** gebeur? (1)

7.4 Hoe sê ons gewoonlik? So wit soos ………. (1)

7.5 Skryf die **rymwoorde** van reëls 1 tot 4 in pare neer. (2)

7.6 Uit **hoeveel strofes** bestaan die gedig? (1)

7.7 Watter **soort rym** kom hier voor? (1)

7.8 Reël 1 gaan oor in reël 2. Wat noem ons die **verskynsel**? (1)
**[10]**

# Vraestel Totaal - 70